

11 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 19:11-22

Die bevrydende Naam

Efese was nie net 'n groot handel- en kultuurstad nie. Dit was 'n stad wat in die greep van Satan was, 'n stad waar allerlei toorpraktyke gefloreer het. Lukas vertel eers hoe Satan se mag nie verbreek kan word nie (verse 11-16). In Efese was daar allerlei mense wat beweer het dat hulle duiwelbesweerders is wat met hulle toorkunste bese geeste kon uitdryf. Hierdie praktyk was blykbaar onder die Jode redelik bekend. In Markus 9:38-41 en Matteus 12:27 staan Jesus positief daarteenoor. Dit moet gesien word as deel van God se genade dat Hy in besondere omstandighede mense met dié gawe begenadig het. Daardeur is baie mense van duiwelse bande verlos. Lukas vertel dat die seuns van 'n Joodse priester, Skeva, hiervan 'n bedryf gemaak het vir eie gewin. Toe hulle sien watter kragtige daad deur Paulus plaasvind (verse 11-12), het hulle gedink dat die Naam van Jesus 'n kragtige nuwe toorformule was waarmee die duiwels gebind kon word. Maar die resultaat van hulle duiweluitdrying is katastrofies. In plaas daarvan om uit te gaan, kom die bese gees net al hoe meer in beheer van die ongelukkige man, sodat hy heeltemal waansinnig raak en die sewe oorrumpel en uitmekaar slaan (vers 16). Wat 'n knou vir hulle reputasie! Mense wat Hom glad nie ken nie, kan nie Jesus se Naam as 'n toorformule gebruik nie. Nooit het die duiwel die wyk geneem voor 'n namaakgodsdienst nie! Die vraag is: wie is Christus vir jou en my?

Tog loop die gebeure uit op 'n wins vir die evangelie. Die gebeure laat die gelowiges bese dat jy nie met die Here kan speel nie. As jy Hom wil dien, moet jy dit voluit, van ganser harte doen. Daarom bring hulle al hulle toorboeke en verbrand dit in die openbaar (vers 19). Wat 'n deurbraak vir die evangelie! Geloof is nie alleen om bly te wees dat Jesus en sy ontferming in jou lewe gekom het nie en om daarna niks te doen nie. Geloof is ook: na buite te laat sien dat die evangelie by ons binnegekom het. Dan moet ons grondig breek met alles wat kan lei tot kommunikasiesturnisse tussen God en jou. Ons moet aan God se liefde oë, ore, hande en 'n stem gee. Sal ons dan nie bese dat die Gees van Jesus Christus sterker is as alle donker magte uit die wêreld van vandag nie? En dat bevryding uit die mag van die bygeloof en elke sonde daar plaasvind waar ons in God se Naam werklik iets te sê het?

Sing: Psalm 68:1

Prof F Denkema (Potchefstroom)